# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 13

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?


Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is[1], terwyl ons om sy ontwil uit ge... de tot kinders van God aangeneem is[2].



Vraag 34: Waaro... jy Hom ons Here?

Antwoord: Omdat Hy ons na... am en siel van die sondes en uit alle heerskap... die duiwel nie met goud of silwer nie maar ... kosbare bloed tot ... lom verlos en vrygek... t[1].

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?



Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is

Johannes 1:14: En die Woord het vlees geword`en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid.

Johannes 1:18: Niemand het God nog ooit gesien nie; die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend kom maak.


Johannes 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Romeine 8:32: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie?

Hebreërs 1:1-2: 1 In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur sy Seun. Hom het Hy aangestel as erfgenaam van alle dinge, en deur Hom het Hy ook die wêreld geskep.

1 Johannes 4:9: Hierin is die liefde van God aan ons geopenbaar: dat God sy unieke Seun na die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan leef.

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?



Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is , terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is


Johannes 1:12-13: Maar aan almal wat Hom aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat in sy Naam glo. Hulle is nie uit bloed nie, ook nie uit liggaamlike drang nie, ook nie uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore.

Romeine 8:15-17: Julle het immers nie 'n Gees ontvang wat verslawing bring, sodat julle weer bang hoef te wees nie; nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons "Abba, Vader!" Die Gees self getuig teenoor ons gees dat ons kinders van God is. Maar as ons kinders is, is ons ook erfgename – erfgename van God en mede-erfgename met Christus mits ons inderdaad saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

Galasiërs 4:6: En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: "Abba, Vader!"

Efesiërs 1:5-6: nadat Hy ons voorbestem het om ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem, soos Hy dit volgens sy wil goedgedink het, tot lof van die heerlikheid van sy genade, waarmee Hy ons in die Geliefde begenadig het.

Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons Here?



Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het[1].

Johannes 20:28: Thomas het vir Hom gesê: "My Here en my God!"

1 Korintiërs 6:20: Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan met julle liggaam.

1 Korintiërs 7:23: Julle is duur gekoop; moenie langer slawe van mense wees nie.

1 Timoteus 2:6: wat Homself as losprys vir almal gegee het, tot getuienis op die bestemde tyd.

1Petrus 1:18-19: Julle weet tog dat julle nie met iets verganakliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek

1 Petrus 2:9: Julle, egter, is "'n uitverkore geslag", "'n koninklike priesterdom", "'n heilige nasie", "'n volk wat aan God behoort", "sodat julle die deugde kan verkondig" van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is[1], terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is[2].

Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons Here?

Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het[1].

## SONDAG: 13 - VRAAG EN ANTWOORD: 33

Vraag: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is[1], terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is[2].

1 Johannes 1:14; Johannes 1:18; Johannes 3:16; Romeine 8:32; Hebreërs 1:1-2; 1 Johannes 4:9

2 Johannes 1:12-13; Romeine 8:15-17; Galasiërs 4:6; Efesiërs 1:5-6

## SONDAG: 13 - VRAAG EN ANTWOORD: 34

Vraag: Waarom noem jy Hom ons Here?

Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het[1].

1 Johannes 20:28; 1 Korintiërs 6:20; 1 Korintiërs 7:23; 1 Timoteus 2:6; 1 Petrus 1:18-19; 1 Petrus 2:9